

Ds. A. W. C. Bester
Lambertsbaai
5 Maart 1995

Onderwerp: Geloofsekerheid

Lees: 2 Korinthiërs 13 verse 1 tot 13

Teks: 2 Korinthiërs 13 vers 5

Sing: Halleluja 232
Halleluja 80
Halleluja 260
Halleluja 290
Halleluja 77
Halleluja 80

“Ondersoek juiself of julle in die geloof is, stel juiself op die proef. Of is julle nie seker van juiself dat Jesus Christus in julle is nie ...’? (2 Kor. 13:5)

“Broers en Susters, in sy brief aan die Korinthiërs skryf Paulus aan mense wat aan die gemeente van Jesus Christus behoort - lidmate van die Kerk.

“Aan hierdie lidmate sê hy: ondersoek juiself of julle in die geloof lewe. Met ander woorde, maak seker of julle gered is; julle moet seker maak of the gehalte van julle geloof reg is.

“Dit is ’n verontrustende saak dat daar mense is wat jare reeds lidmate van die kerk is, maar nie geloofsekerheid het nie.

“Oor die sekerheid van jou kindskap kan en moet daar in ons lewe geen onduidelikheid wees nie. Die Woord van God sê dit op soveel plekke vir ons. Kom ons spieël ons vanaand in sy Woord.

“Broers en Susters, dit is noodsaaklik dat ons duidelikheid kry oor hierdie saak om verskeie redes: God se Woord sê so. Onsekerheid oor jou verhouding met die Here Jesus doen geweldig skade aan mense se geestelike lewe. Watter skade?

“Dit ontnem ’n mens jou vrymoedigheid om vir Jesus te getuig.

“Dit bring vrees vir konfrontasie in jou lewe. Daarom vermy jy die plekke waar Jesus se wil geld.

“Dit veroorsaak verslapping in jou geestelike lewe. Hebreërs 6 verse 11 en 12 sê: “Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe; sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van

hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is.’

“Daar is mense wat sê ’n mens kan nie seker wees nie! Die Woord van God sê vir ons die teendeel. 1 Johannes 5 vers 13 sê: ‘Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.’

“Broers en Susters, ons kan in die twintigste eeu nog beter weet as die mense van Johannes se tyd. 1 Johannes 3 vers 2 sê: ‘Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees...’

“Ons ag dit ook noodsaaklik om oor geloofsekerheid te praat, omdat mense hulle sekerheid op valse gronde bou.

“Daar is mense wat sê: ek is ’n kind van God omdat die Here vir my gee wat ek vra. Broers en Susters, dit is nie waar dat God alles gee wat ons vra nie. ’n reggeaarde ouer gee nie vir sy kind alles wat hy vra nie. ’n Mes?

“Matthéüs 5 vers 45 sê: ‘... Hy (ons Hemelse Vader) laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.’ Slegtes en onregverdiges kry dus net soos die goeies. Die feit dat ek kry, is dus opsigself nie ’n bewys van my kindskap nie.

“Sommige beroep hulle op die algemene genade: ‘Ek werk vir die Here, getuig vir Hom. Daarom is ek gered.’

“Dit is geen Bybelse gronde nie. In Matthéüs 7 verse 21 tot 23 sê Jesus: ‘Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!’

“Daar is ook diegene wat hulle op vroomheid beroep as bewys van hulle kindskap.

“Broers en Susters, vroomheid moet ’n karaktertrek wees van die kind van God. Bloot dit kan egter misleidend wees. In Handeling 10 vers 2 het ons ’n getuigskrif aangaande Cornelius: ‘Hy met sy hele huis was vroom en godvresend en het baie aalmoese aan

die volk gegee en was altyddeur in die gebed tot God.’ En tog stuur God vir Petrus na hierdie man om hom tot sekerheid te lei. In vers 44 lees ons dat terwyl Petrus met Cornelius praat, die Heilige Gees op hom gekom het en toe sê Petrus in vers 47: ‘Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie?’ (NAV: ‘Hierdie mense het net soos ons die Heilige Gees ontvang. Wat kan dan verhinder dat hulle nou met water gedoop word?’)

“Uiterlike tekens van vroomheid is geen waarborg van sekerheid nie.

“Broers en Susters, as ons nie seker is oor ons kindskap en geloof nie, dan moet ons luister na God se Woord, sodat ons opnuut weer die vreugde van sekerheid kan belewe; en sodat ons môre en oormôre ander ook tot hierdie sekerheid kan lei.

“Hoe kan ék seker wees? Hoe kan ék tot geloofsekerheid kom?

“In Handeling 16 verse 30 en 31 lees ons van die tronkbewaarder van Filippi. Hierdie man het na sekerheid gesoek.

“Na wat met Paulus en Silas gebeur het: die lofliedere, die aardbewing, die tronkdeur wat oopgegaan het en boeie wat van hulle hande geval het, het die bewaarder na buite gestorm, aan die voete van Paulus en Silas neergeval en gevra: ‘Menere, wat moet ek doen om gered te word?’

“Dan antwoord hierdie diensknegte van God vir hierdie soekende siel: ‘Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.’

“Vir geloofsekerheid is die enigste voorwaarde dat ons in Jesus Christus sal glo.

“Alle mense glo, maar die vraag is of ons hierdie geloof reg verstaan. Let wel, Paulus sê nie: glo AAN Jesus Christus nie, maar wel, glo IN Jesus Christus. Daar is ’n verskil. Die meeste mense glo daar is ’n God in die hemel, maar daar is weinig wat IN Hom glo.”

[Met ander woorde gestel: glo dat God en Jesus Christus nie net bestaan nie, maar dat God en Jesus Christus ’n persoonlike verhouding met jou het en jou persoonlik red.]

“As ons seker wil wees van ons verlossing, moet ons in Jesus glo. Ons praat hier van saligmakende geloof.

“Op die vraag: ‘Wat is ware ’n geloof?’ antwoord die Heidelbergse Kategismus: (Sondag 7: Vraag 21)

“’n Ware geloof is nie alleen ’n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in

sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade alleen ter wille van die verdienste van Christus.

In Romeine 10 vers 14 is geskryf: 'En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie?' Die Bybel is die kenbron. Maar geliefdes dit help nie jy ken jou Bybel en alles wat dit oor God te sê het; en jy het geen verhouding met God en Jesus Christus nie. Dan staan jy nog buite die Koninkryk van God. Nee, daar moet 'n hartlike vertrouwe wees dat ook aan jou vergifnis van sonde, geregtigheid en saligheid geskenk is.

"Geloof is die hand waarmee ons hierdie allergrootste geskenk van God vir ons kan toeëien.

"Uit onself kan ons nie glo nie, daarom skenk God ons hierdie gawe om te kan glo. Efésiërs 2 vers 8 sê: 'Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God'.

"Broers en Susters, wanneer glo ek in die Here Jesus? Wat sê die Bybel? Wanneer besit ek die saligmakende geloof?

"Johannes 1 vers 12 gee vir ons die antwoord: 'Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo'.

"Het u Jesus al as u Verlosser aangeneem? Hierdie aanneming is 'n wilsdaad. Dit is ook 'n noodsaaklike daad, want God se Woord waarsku ons teen uitstel in dié verband. Môre kan te laat wees.

"Johannes 3 vers 18 sê: 'Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.'

"Johannes 3 vers 36: 'Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.'

"As 'n mens Jesus nie aangeneem het nie, dan is dit juis dié een sonde wat van jou 'n sondaar maak.

"Hierdie sonde moet ons bely voor God en sê: Ek neem U aan. Dankie, nou weet ek, ek is U kind.

"Amen."